# MEDIA VERKLARING

VRYGESTEL OP 24 November 2025

EMBARGO: GEEN

# MPUMALANGA SKOLE IN DIE SPERVUUR

Die posvoorsieningsnorme van 'n provinsie is vir skole baie belangrik. Dit bepaal hoeveel onderwyspersoneel aan die skool voorsien sal word vir die komende jaar. Die tydlyn vir hierdie vrystelling is baie belangrik omdat skole voordat hulle begrotings aan 'n vergadering van ouers voorlê, moet die skool weet hoeveel onderwysers deur die provinsie voorsien word en hoeveel onderwysers deur die Beheerliggaam aangestel moet word. Dit bepaal die begroting van die skool, sowel as die skoolfonds wat leerders in die komende jaar sal betaal.

In 'n omgewing waar ons finansies meer beperk word, moet ouers weet waarvoor om vir die komende jaar te begroot. Die aantal poste per skool bepaal ook hoeveel leerders daar in elke klas sal wees.

Dit is een van die belangrikste funksies van die provinsiale Onderwysdepartement. Die voorsiening van die aantal poste per skool moet voor die einde van September aan skole voorgelê word om die skool genoeg tyd vir te gee om sy beplanning in plek te stel.

Hierdie aktiwiteit is baie belangrik vir die Departement van Basiese Onderwys. In 2024 was daar verskeie provinsies wat die proses nie betyds afgehandel kon kry nie en dit het veroorsaak dat daar in sommige skole nie in Januarie met onderrig kon begin nie omdat daar nie genoeg onderwysers was nie.

Die Mpumalanga Onderwysdepartement het nie by die sperdatum van 30 September nagekom nie en het op 19 November 2025 hierdie inligting aan skole bekend gemaak. Die rede hiervoor was dat die Departement gesukkel het om skooldata te verifieer.

SAOU-lede berig dat daar beduidende ongerymdhede en verskeie foute in die posvoorsieningsnorme vir die 2026-akademiese jaar van die Mpumalanga Departement van Onderwys was.

Die posvoorsieningsnorme word gewoonlik in oorleg met die onderwysvakbonde gefinaliseer om te verseker dat die nodige konsultasieproses gerespekteer word. Indien behoorlike konsultasie plaasgevind het, sou die omvang van die huidige probleme waarskynlik heelwat minder gewees het.

Lede van verskillende skole in Mpumalanga het aangedui dat daar 'n drastiese vermindering van

poste by verskeie skole was, wat ’n ernstige negatiewe impak op onderwysers en leerders het, veral met die oog op ’n ordelike afskop van die nuwe skooljaar.

Die SAOU het formeel aan die Departement van Basiese Onderwys gerapporteer dat die laat en soms foutiewe posvoorsieningsnorme nie aanvaarbaar was nie én het daarop aangedring dat die 2025-postevoorsiening gehandhaaf word.

Die Regsafdeling van die SAOU het ‘n skrywe aan die Mpumalanga Departement van Onderwys gestuur om die behoud van die 2025-postevoorsiening te versoek ten einde die huidige onsekerheid te beperk. Die SAOU is tans in gesprek met ons geaffekteerde lede en nooi lede wat nog nie met ons in verbinding was nie om dringend ons Mpumalanga-kantoor te kontak.

Die optrede van die Departement is onbillik, is nie in die beste belang van die kinders nie en skend opvoeders se regte. Die SAOU is in gesprek met verskeie rolspelers in die onderwyssektor en oorweeg, indien nodig, om gesamentlike aksie teen die Mpumalanga Onderwys Departement te loods.

Die SAOU sal met die nodige erns optree en skole ten volle verteenwoordig indien die Departement voortgaan om op grond van die gebrekkige posvoorsiening op te tree en lede uit skole te verwyder.